# Die opkoms en huidige stand van die Nuwe-Testamentiese ondersoek in Suid-Afrika: Deel 3 - 'n Kritiese evaluasie

A B du Toit
Universiteit van Pretoria

**Abstract**
**The rise and current state of New Testament research in South Africa: Part 3 – A critical evaluation**
*First the pros and cons of the South African emphasis on methodology arw discussed. On the positive side a much greater sensitivity for methodological austerity has been developed. On the negative side New Testament research has not contributed enough towards serving theology and the church at large. In dealing with the problem of relevancy in the socio-political field, it is acknowledged that more should be done, without putting the specific character of New Testament studies in jeopardy. The burning issue of the relationship between faith and reason should be tackled. The correct approach seems to be respecting the tension between these two entities, while at the same time working and striving towards closing the gap between them.*

## 1. INLEIDEND

In die vorige twee artikels is aangetoon hoe die Nuwe-Testamentiese navorsing, kwantitatief sowel as kwalitatief oor die afgelope sowat tagtig jaar ontwikkel het. Waar wetenskaplike publikasies aanvanklik heel sporadies verskyn het, beleef ons sedert 1965 byna 'n ontploffing. In die voorlaaste artikel (Du Toit 1993b) is 'n oorsig oor metodologiese tendense in die Nuwe-Testamentiese literatuur sedert 1965 gegee. In hierdie laaste artikel word gepoog om 'n kritiese evaluasie te maak.

## 2. DIE KLEM OP METODE: *PRO ET CONTRA*

Alles vra metode; metode is egter nie alles nie. Goeie metodiek is nog geen waarborg vir egte verstaan nie. Met die uitnemendste metodologiese toerusting kan die eksegetiese produk nog steeds yltjies bly. Goeie eksegese vereis ook 'n gedeë kennisbasis. By alles is dit egter ook 'n kuns, selfs 'n *charisma*.

* Hierdie is die derde deel (kyk Du Toit 1993a, 1993b) van 'n geredigeerde weergawe van 'n referaat voorgelê by die simposium tussen Nederlandse en Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentici gehou op 2-3 Augustus 1993, Utrecht, Nederland.

Groenewald (1938:17) praat in hierdie opsig van ''n sekere intuïtiewe begrype van die teks'. As dit alles egter gesê is, moet ons besef dat 'n deeglik verantwoorde, gekontroleerde en kontroleerbare metodiek nietemin die ruggraat van alle wetenskaplike Skrifstudie bly. Die korrektheid van 'n 'intuïtiewe begrype' moet immers metodologies kontroleerbaar wees. Die gevaar van 'n 'intuïtiewe misverstaan' is geensins denkbeeldig nie.

Die Suid-Afrikaanse klem op metodologie moet in die lig van die volgende faktore verstaan word:

* *Eerstens* moet dit begryp word vanuit 'n onbehae in die ongereflekteerde, dikwels naïewe aard van die tradisionele eksegese of, positief gestel, vanuit die behoefte van 'n jonger generasie aan beter metodologiese besinning en verantwoording.

* *Tweedens* moet hierdie metodologiese soektog verstaan word binne die raamwerk van 'n wêreldwye misnoeë met die teksanalitiese resultate van die histories-kritiese benadering, en veral met sy aantasting van die integriteit van die teks as teks. Dit is opmerklik dat aan die begin van hierdie tydvak meermale melding gemaak word van 'n krisis in die Bybelondersoek (Groenewald 1969; Vorster 1972:235).

  In hierdie krisis word aan die een kant *die ineenstorting van die ou paradigmas,* en aan die ander kant *die noodsaaklikheid van 'n nuwe en beter een ervaar.* Vorster se prognose in 1972 was in die kol: 'It does not need a prophet to tell that the search for a proper methodology and the reconsideration of the results of the past would characterise the next few years of New Testament scholarship' (Vorster 1972:235). Hy het hom egter in een opsig misgis: die 'next few years' het twintig jaar geword!

* *Derdens* het die opkoms van die sogenaamde Nuwe Hermeneutiek die belang van die verstaansgebeure onontkenbaar op die teologiese agenda geplaas. Hiervolgens is ons hele menslike syn, en die teologie as poging tot 'n antwoord op die probleme van die syn, 'n hermeneutiese gebeure. Dit kon nie anders as dat die arbeid van Bultmann, Ebeling, Fuchs, Braun en hulle medestanders verdere momentum aan die metodologiese besinning sou verleen nie.

* *Vierdens* was daar die opkoms van die nuwe linguistiek, wat enersyds kritiese geluide teen die tradisionele beoefening van die Bybelwetenskap laat hoor het, maar andersyds vir opwindende nuwe deurbrake gesorg het. (Dink maar net aan die pragtige dinamiese Bybelvertalings!) Die eksegetiese bedryf sou nooit weer dieselfde wees nie. Hiermee saam het die besef al hoe duideliker begin daag dat teologiese eksegese, indien dit werklik verantwoord en wetenskaplik

> wil wees, met geen ander apparatuur en teksteorie kan werk as die waarmee die 'profane' teks- en kommunikasiewetenskappe werk nie. 'n Soort unieke, 'sakrale' teologiese teksteorie het geen wetenskaplike bestaansreg nie. Hierdie insig het meegebring dat ook onder meer die kommunikasiekunde, die literatuurwetenskap, die sosiologie, die retorika (in sy klassieke én moderne vorm) en die antropologie as hulpwetenskappe ingeroep is, en dat elkeen sy eie verrykende bydrae gelewer het.

Dit is onmoontlik om hier uit te brei op al die winspunte wat bogenoemde metodologiese swerftog gebring het. Slegs 'n paar prominente punte kan hier aangedui word:

*Eerstens* het die insig in die kompleksiteit van die verstaanproses en die subjektiwiteit van alle verstaan 'n *eksegetiese beskeidenheid* gebring. Verstaan kan nooit *dingfest* gemaak word nie. Waar Gemser in 1945 nog onbevange kon praat van 'objektiewe Bybelondersoek' (Gemser 1945), sal ons vandag nie meer so 'n uitspraak waag nie.

*Tweedens* kan die kern van die nuwe insig in 'n belangrike mate verbind word aan die besef van die omvattende *gekontekstualiseerdheid of gesitueerdheid* van alle menslike syn en daarom ook van alle kommunikasie en kommunikasie-analise. Die outeur, die teks, die destydse geadresseerdes, die moderne Skrifuitlegger, die gemeente, sowel as individuele Bybellesers, is almal betrokke by en omsluit deur 'n bepaalde konteks wat op die verstaansproses inspeel. Die tradisionele *genetiese benadering* het op die outeur, soos hy binne sy algemene en sy kontingente konteks (sy *Sitz im Leben)* 'n bepaalde bedoeling met die teks gehad het, gefokus. Die ideaal was om die eksegese as't ware *e mente auctoris*, ja miskien selfs beter as die outeur (vgl Groenewald 1938:10) te verrig. Daarmee het die sogenaamde *intentional fallacy* sy verskyning gemaak.

Met die verskuiwing van die fokus na die teks self, het die beslissende belang van die gekodeerde kommunikasie so sterk na vore getree dat gepraat is van *teksimmanente* eksegese en van die outosemansie van die teks. Die teks met sy eie teksinterne konteks of strukturering was hiervolgens volledig *betekeniskonstitutief*. Die gestruktureerdheid van hierdie teksinterne werklikheid kan op die sintaktiese, die literêre of die semantiese vlak funksioneer, met eersgenoemde twee as toegange tot laasgenoemde. 'n Goeie voorbeeld van hierdie sterk klem op die outosemansie van die teks kry ons by Willem Vorster, en wel ten opsigte van die literêre vlak, meer spesifiek die narratiewe analise. Hy beskou die vertelwêreld van 'n evangelie as so geslote dat daaruit in werklikheid slegs 'n absolute minimum gevolgtrekkings ten opsigte van die werklike wêreld van die outeur en sy lesers gemaak kan word (kyk Vorster 1980; 1982:107-108; 1985:15-16; 1991:38-39).

Alhoewel die prioriteit van die teks vandag steeds gehandhaaf word, is die eensydige beklemtoning van die geslotenheid van die tekswêreld reeds agterhaal. Die belang van die *buitetekstuele konteks* word weer sterk beklemtoon (De Villiers 1982:29; Lategan 1984:3-4; Combrink 1984:32; 1986:13-14; Du Plessis 1984). In werklikheid was die benaming 'teksimmanente eksegese' van meet af aan 'n *misnomer*, want geen Suid-Afrikaanse eksegeet het ooit so ver gegaan om byvoorbeeld die belang van die kultuur-historiese agtergrond of die ontstaansituasie van tekste heeltemal te ignoreer nie. Dit wil voorkom of ook Willem Vorster sy teoretiese beskouings aangaande die geslotenheid van die tekstuele wêreld in 'n mate moes temper. In sy bespreking van die teologie van Markus (Vorster 1991) maak hy 'n hele aantal belangrike gevolgtrekkings aangaande die buitetekstuele wêreld van die Markusevangelie (kyk veral Vorster 1991:36-38).

Die herontdekking van die buitetekstuele situasie, en daarmee saam veral die koms van die sosiologiese analise in sy wye verskeidenheid, kan baie winspunte meebring. Dit hou egter die gevaar in dat hierdie sosiologiese modelle self nuwe tekste word wat die beperkinge *(constraints)* van die oorspronklike teks deurbreek. Dit is belangrik dat die primaat van die teks gehandhaaf bly (Combrink 1983:9-10). Die (op sigself uiters belangrike) oproep tot relevansie en 'n etos van verantwoordelike eksegese (vgl *infra*) mag geensins daartoe lei dat die teks 'ingesluk' word nie.

Enkele opmerkings moet hier ten opsigte van die Suid-Afrikaanse diskoersanalise gemaak word: Diskoersanalise werk primêr sintakties, en wel op die vlak van 'n konfigurasie van sinne ( = *kola*) en paragrawe. Dit moet baie duidelik van die Franse *strukturale analise*, wat op die literêre (veral die narratiewe) en die semantiese vlak opereer, onderskei word. Sommige het in naïewe optimisme met die diskoersanalise oorboord gegaan en veels te hoë verwagtinge daaraan geheg. Kritiek en waarskuwende geluide is laat hoor (o a Deist 1978:260-271; Du Toit 1981:3). Diskoersanalise het 'n beskeie plek en funksie. Dit moet hanteer word as 'n enkele fase in 'n veel omvattender proses. Maar in hierdie beskeie posisie kan dit 'n baie nuttige diens verrig om die teks te help *oopmaak*, as 'n verkenning van sy inmekaarsit en tematiese kontoere, en op hierdie wyse kan dit steeds nuttig bly.

Die resepsiekritiek het die klem verskuif na 'n derde konteks: hierdie keer dié van die leser. Die bonte verskeidenheid van lesers, elkeen in hulle eie gekonteksualiseerdheid, het die *polivalensie* van die teks na vore gebring, en daarmee saam die *bevraagtekening van die moontlikheid van outentieke teksverstaan*. Derrida se dekonstruksiemodel kom daarop neer dat 'n teks in werklikheid heeltemal *open-ended* is. Hierdie standpunt laat die pendulum weer na die ander uiterste toe deurswaai. Sonder om te beweer dat die Bybelteks net een outentieke verstaan toelaat, word aanvaar dat die netwerk van gekose taalseine, in samespel met buitetekstuele

situatiewe restriksies, wel 'n breë spektrum van verstaan toelaat, maar nie 'n onbeperkte een nie. Dit beteken dat sekere lesings 'n groter aanspraak op geldigheid het as ander (Combrink 1988:194), en dat sekeres as illegitiem afgewys sal moet word. Die teks het 'n bepaalde *reservoir* van betekenis wat kreatiewe interpretasies moontlik maak, maar hierdie *reservoir* het ook sy grense. Eksegetiese nederigheid is nog iets anders as resignasie (vgl ook Draper 1991:246).

Ook die pragmatiese benadering kan in terme van konteks benader word. Hier gaan dit om die *beïnvloeding* of *verandering* van die leserskonteks deur outeurmanipulasie. Interessant genoeg verskyn die outeur en sy intensie hier nou weer onverwags op die horison. Die oorspronklike *genetiese* benadering keer verrassenderwyse terug (vgl Combrink 1988:195), maar op 'n nuwe, verrykte wyse. Daarmee is die eksegetiese sirkel voltooi.

'n Laaste positiewe insig, onder vele ander, is dat 'n verantwoorde eietydse eksegetiese model dit onmoontlik kan bekostig om die nuttige van enige van die beskikbare metodes te ontbeer (Du Toit 1979). Die ontdekking van die verrykende moontlikhede van soveel 'hulpdissiplines' bring mee dat 'n metodepluralisme gevolg sal moet word waar die keuse van metodes telkens bepaal gaan word deur die spesifieke vraagstelling (vgl ook Combrink 1983:9-10; 1986:14-15; Botha 1990:77-79). Die eksegeet moet egter ten opsigte van elke metode goed weet wat hy doen, en telkens duidelikheid hê oor sy presiese vraagstelling.

Die metodologiese klem het egter ook sy skadukant gehad. Die konsentrasie op metode het soms tot die valse persepsie aanleiding gegee dat wie hom met metode bemoei, *per se* besig is om teologie te beoefen. Metode is geen doel op sigself nie. Dit is wel 'n noodsaaklike voorvereiste om die bronne verantwoordelik te ontsluit. Wie egter in metode bly vassteek en dit 'n doel op sigself laat word, is soos die hengelaar wat sy lewe lank hengeltegnieke op sy grasperk oefen, en daarin spesialiseer om ander se tegnieke uitmekaar te trek, maar nooit self sy lyn ingooi om te hengel nie.

Dit is ironies dat juis die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika se sterk punt, naamlik sy klem op metode, in sekere opsigte ook sy swak punt geword het, omdat soms soveel op die *forma* gekonsentreer is, dat die *res* van die Nuwe Testament nie tot sy reg gekom het nie. Daar is proefskrifte geproduseer met uitgebreide en baie geleerde metodologiese besinnings, plus soms ook nog 'n imponerende strukturele aanbieding, maar uiteindelik het die berg nie veel meer as 'n muis gebaar nie. Aan die einde van so 'n studie is jy geneig om te vra: *so what?* In watter opsig is ons insig in die Nuwe Testament werklik verdiep? Die inset was groot, maar die oes min.

## 3. DIE STRYD OM TEOLOGIES-KERKLIKE RELEVANSIE

Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat Bybelwetenskaplikes hulle in 'n metodologiese *Zunft* met hulle eie idiosinkratiese terminologie as *sjibbolet* kan terugtrek waar niemand van buite hulle meer verstaan nie, maar hulleself nietemin die reg toeëien om ander se metodologiese 'onbeholpenhede' te kritiseer.

Die gevolg van bogenoemde was *eerstens* dat die res van die teologie nie veel voordeel uit die Bybelwetenskaplikes se bemoeienis getrek het nie. Kollegas op hierdie gebiede moes nog te veel belangrike Bybelse inhoude en riglyne self aan die Skrif gaan ontworstel, op gevaar af dat hulle boonop nog oor verkeerde metodiek gekapittel word. *Tweedens* kan nie ontken word dat hierdie situasie 'n mate van vervreemding tussen die Bybelwetenskap en ander teologiese dissiplines veroorsaak het nie. Om hierdie rede is dit absoluut noodsaaklik dat die Nuwe-Testamentiese wetenskap homself opnuut as 'n *teologiese* dissipline sal gaan verstaan en sy verantwoordelikheid teenoor die res van die teologie en die kerk opnuut ernstig sal neem (vgl veral Van Zyl 1991).

Daar is gelukkig verblydende tekens dat hierdie probleem ingesien word. Verskillende pogings is reeds aangewend om die boedel te beredder. Een van hierdie aksies was gesprekke tussen Bybelwetenskaplikes en sistematici om mekaar se standpunte beter te leer verstaan en die eenheid van die teologie te probeer terugvind. Onder leiding van professor Van Aarde vind daar reeds jaarliks 'n gestruktureerde gesprek tussen Bybelwetenskaplikes en Dogmatici plaas. Veral die sistematikus D J Smit het hierdie gesprek op verskillende maniere gestimuleer (vgl Smit 1988, 1990 en 1992). Voorts is, afgesien van die inhoudelik-teologiese publikasies wat tog wel deur die jare verskyn het en waarna reeds vroeër verwys is, sterk georganiseerde pogings aangewend om die teologie en die etiek van die Nuwe Testament uit te lig, maar hierdie keer met die nuwere metodologiese insigte as basis. Prominent is hier twee resente bundels, naamlik *Teologie in konteks* (Roberts, Vorster, Vorster & Van der Watt 1991) en *Geloof en opdrag* (Breytenbach & Lategan 1992). Eersgenoemde bundel behandel die teologie van die meeste Nuwe-Testamentiese boeke, elk binne sy eie konteks, en laasgenoemde die etiek, met die bedoeling om laasgenoemde vir die Suid-Afrikaanse opset relevant te maak. Dit bring ons as vanself by die volgende probleemveld.

## 4. DIE STRYD OM MAATSKAPLIKE RELEVANSIE

Ons het daarop gewys dat die plaaslike eksponente van die Engelse eksegetiese tradisie meesal 'n sterk sosiaal-politiese *engagement* vertoon. Dit geld ook vir publikasies van Nuwe-Testamentici uit die jong kerke (kyk bv Mazamisa 1987;

Mosala 1987, 1989). Ons het egter ook gesien dat Afrikaanssprekende eksegete soms wel sterk sosiaal-polities betrokke was, soos in die geval van die proefskrif van N J van der Merwe en waar apartheid Skriftuurlik verdedig is.

In die jongste tyd word Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentici, en by name veral Afrikaanse vakgenote, soms beskuldig van die beoefening van 'n teologies en maatskaplik irrelevante bedryf. In sy reaksie op dertien verskillende *readings* uit Lukas 12 neem die sistematikus Smit (1988), in aansluiting by die werk van Lundin, Thiselton en Wallhout die konsep op van *verantwoordelike hermeneutiek*, waarmee bedoel word dat die hermeneutiek nie net die *waarheidsvraag* moet stel nie, maar ook die *etiese* vraag: 'no less fundamental than our concern for true knowledge is our concern for right action' (Lundin, in Smit 1988:468). Vanuit hierdie perspektief waarsku Smit die Nuwe-Testamentiese ondersoek om nie langer te bly 'in the safe waters of the carefree world of the narrative...but to interpret responsibly, that is to remain part of real life, where interpreting communities struggle for human existence' (Smit 1988:471). Na verskyning van die Metzger-feesbundel onder die titel *A South African perspective on the New Testament* neem De Villiers (1989) dit op teen wat hy bestempel as die bundel se 'lack of references to matters African or South African' en konkludeer dan: 'The selection of contributors, the nature of the topics and the contents of this book reflect the privileged context in which it originated and indicates to what extent scholarship can be incarcerated in an ivory tower' (De Villiers 1989:122-123). Soortgelyke kritiek het gekom van Draper (1991) en Botha (1992). In aansluiting by Smit pleit laasgenoemde vir 'n etiek van verantwoordelike Nuwe-Testamentiese interpretasie, waarin enersyds 'n 'scientific ethos of biblical scholarship' tot sy reg kom, maar andersyds ook 'an ethics of public accountability'. Hy volg hierdie opstel op met 'n lesing van soortgelyke strekking voor die kongres van die *NTWSA* in April 1993.

Dit is absoluut noodsaaklik dat Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentici ernstige aandag aan hierdie kritiek sal gee. Geen verantwoordelike Nuwe-Testamentikus kan die eis van teologiese en maatskaplike relevansie van homself afskuif nie.

Ondertussen moet hierdie vraagstuk egter tog in perspektief gesien en die volgende kanttekeninge gemaak word:

* Die persepsie dat Afrikaanse Nuwe-Testamentici *as groep* hulle maatskaplike verantwoordelikheid ontduik het, is nie korrek nie. Daar het immers in hierdie verband 'n hele aantal wetenskaplike publikasies verskyn, maar nog veel meer *populêr-wetenskaplike* publikasies. Die probleem lê dus eerder by uiteenlopende verwagtinge aangaande die *modus* van die betrokkenheid van Nuwe-Testamentici by maatskaplike en politieke probleme. Wat gemelde *modus* van betrokkenheid betref, moet gestel word dat dit meesal beoefen is in die *verlengde*

van hierdie wetenskaplikes se wetenskapbeoefening, soos deur populêr-wetenskaplike artikels, prediking, toesprake, sinodale kommissies, openbare verklarings, ensomeer. Met reg kan beweer word dat geen teologiese groep meer gedoen het om die Bybelse fundering van die apartheidsideologie af te takel as die Bybelwetenskaplikes nie, terwyl maatskaplike misstande soos die euwels van apartheid op talle maniere aangespreek is.

* Die aard en graad van maatskaplike betrokkenheid wat soms hier te lande van die Nuwe-Testamentikus *qua* die direkte beoefening van sy vak gevra word, verskil van die wyse waarop Nuwe-Testamentiese studie gewoonweg in die res van die Westerse wêreld beoefen word. Daarom gee De Villiers ook toe dat wat hy van die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika gediagnoseer het, 'is not only true of local New Testament scholarship but...is often valid of much of the work done internationally' (De Villiers 1989:122). Dit is ook die standpunt van Schüssler Fiorenza (vgl Botha 1992:187). Enigiemand wat gereeld internasionale konferensies van Nuwe-Testamentici bywoon, sal dit kan bevestig. Die internasionale etos is beslis nie dat die Nuwe-Testamentiese wetenskap as sodanig *direk* maatskaplik betrokke moet wees nie. Indien dit wel moet geskied, sal 'n hele paradigma-verskuiwing moet plaasvind.

* Wat die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskaplikes betref, en in besonder die groep wat aangespreek word, moet ook in gedagte gehou word dat daar, juis vanuit metodologiese oorwegings, 'n besondere sensitiwiteit bestaan om nie nou weer die foute van die verlede te herhaal en die Bybel te misbruik vir wat Lategan (1984:6) genoem het 'interest theologies' nie. Die apartheidsteologie was, net soos die swart teologie, die bevrydingsteologie en die feministiese teologie, 'n belange-teologie waar die 'ontvangergemeenskap' 'n soort normatiewe status gekry het, 'which not only determines the thematic approach to biblical material, but also becomes a lever to dislodge established exegetical procedures' (Lategan 1984:6). Dit was juis om hierdie rede dat Willem Vorster nie net die Bybelse fundering van apartheid skerp as Skrifmisbruik gekritiseer het nie, maar ook die anti-apartheid gebruikmaking van die Bybel: 'Let it be said that it is as naive to interpret ancient texts like the Biblical ones with a view to upholding an ideology like apartheid as it is to read it on the lines of underdog/poverty ideologies' (Vorster 1984:212; vgl ook Vorster 1983). 'n Mens hoef nie in alles met Vorster saam te stem om waardering te hê vir hierdie metodologiese sensitiwiteit nie.

* Aan die wortel van die probleem lê die meer basiese vraag na die aard van die Nuwe-Testamentiese wetenskap. Is dit 'n basiese of 'n toegepaste wetenskap? Waarskynlik iets van albei, maar dan tog meer van eersgenoemde. As basiese

vak moet dit die materiaal verskaf waarmee die meer toepaslike vakke moet gaan opereer. *'n Volledige toepassingswetenskap sal dit nie kan word sonder om sy wese aan te tas nie.* Daarby sal steeds daarteen gewaak moet word dat maatskaplike relevansie en ideologiese gegewenes die eksegeet se resultate reeds vooraf bepaal. Dit is myns insiens die geval in sommige uitsprake van die *Kairos-dokument*.

Om af te rond: Dit is duidelik dat die uiters belangrike probleem wat hier op die tafel gelê is, nog nie genoegsaam uitgeklaar is nie. Die Nuwe-Testamentiese wetenskap sal vir homself 'n weg moet probeer vind tussen die Skilla van 'n onbetrokke ivoortoringwetenskaplikheid, en die Garibdis van 'n aktiwistiese, onkritiese *Vergegenwärtigung* van die Bybel, wat die wetenskaplikheid van sy etos geweld aandoen.

## 5. GELOOF EN REDE

Die worsteling om die verhouding tussen geloof en kritiese rede, of, soos Tertullianus dit gestel het, tussen Jerusalem en Atene, loop soos 'n Ariadnedraad deur die doolgange van die kerkgeskiedenis. Die gelowige kom daarmee nooit klaar nie. Ook in die Du-Plessisstryd het dit onder die oppervlakte 'n rol gespeel. Du Plessis moes op grond van sy historiese studie vir homself rekenskap gee van hierdie verhouding. Hy weier dat geloof en waarheid teen mekaar uitgespeel word, of as 'dubbele waarheid' elkeen op sy eie terrein funksioneer. Hulle moet volgens hom as mekaar aanvullende vermoëns beskou word waarby die rede allengs in die hoër lig van die geloof opgeneem word (Gerdener 1943:215). Tog was die verhouding tussen geloof en rede 'n knellende vraag wat Du Plessis sy lewe lank besig gehou het en kon hy hierdie dualisme nooit werklik oorwin nie. In hierdie opsig is Erasmus en Brown reg (Erasmus 1986; Erasmus & Brown 1993). Hierdie vraagstuk is, soos soveel ander, ook deel van Du Plessis se onafgehandelde agenda. Die ontwakende plaaslike ondersoek na die historiese agtergronde en basis van die Nuwe-Testamentiese dokumente gaan ongetwyfeld weer eens hierdie probleem skerp na vore bring. Ondertussen net twee konkluderende opmerkings:

* Die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese historiese ondersoek het ons geleer om in hierdie verband nie te optimisties nie, en in elk geval baie beskeie te wees. Ons werk maar met hipoteses en ten beste met waarskynlikhede. Daarby het die hermeneutiek ons geleer dat objektiewe geskiedskrywing onmoontlik is. Die onindrukwekkende baanrekord van die Nuwe-Testamentiese geskiedskrywing toon in watter mate die 'behoudende', rasionalistiese, romantiese, etiese, eksistensialistiese, antimetafisiese of andersoortige vertrekpunte van ondersoekers hulle uiteindelike 'resultate' bepaal het. Die uiters verwarrende 'bevindinge' van die jongste Jesusondersoeke is hiervan 'n klinkende voorbeeld.

* In aansluiting by Du Plessis (vgl veral Le Roux 1986) is ek daarvan oortuig dat geloof en rede, kerklike belydenis en wetenskaplike etos in die Nuwe-Testamentiese ondersoek nie van mekaar losgemaak mag word nie, selfs nie wanneer hulle - laat ons dit erken - meermale in spanning tot mekaar staan nie. Hulle moet juis in 'n dialektiese spanning naas mekaar gehandhaaf word en hierdie spanning moet eerlik erken word.

Die spanning kan enersyds verbreek word deur geloof en rede van mekaar los te maak. Dan word dit moontlik om aan die een kant radikale Skrifkritiek te beoefen en aan die ander kant 'n piëtistiese gelowige te wees. Hierdie soort schizofrenie kan egter niemand oortuig nie.

Om die spanning andersyds te ontlont deur die een pool aan die ander op te offer, werk ook nie. Geloof sonder rede is naïef, onverantwoord. Rede sonder geloof is uitsigloos, troosteloos, bar. Wie die geloof aan die rede prysgee, verval in rasionalisme. Wanneer dít gebeur, wanneer die Nuwe-Testamentiese studie nie meer die Bybel as *kanon* respekteer en die Nuwe-Testamentikus nie meer sy arbeid as lid van 'n geloofsgemeenskap verrig nie, verloor hierdie vak sy teologiese karakter en sal dit as onderdeel van die godsdienswetenskap beoefen moet word (vgl Du Plessis 1990; Van Zyl 1991). Wie weer die rede aan die geloof opoffer, beland in die fundamentalisme - waarvan ons hier te lande baie voorbeelde het.

Hy wat hierdie spanning ten spyte van alle aanvegting handhaaf, moet werk om die gaping tussen geloof en rede te verhou terwyl hy leef in die verwagting dat hierdie twee oënskynlik parallelle spanningslyne mekaar tog êrens vorentoe in 'n hoër sintese sal ontmoet. Dit lyk vir my die aangewese weg vir 'n Nuwe-Testamentikus wat wetenskaplike sowel as gelowige wil wees en bly.

Afgesluit Mei 1993

## Literatuurverwysings

Botha, J 1990. *Semeion: Inleiding tot aspekte van die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

— 1992. The ethics of New Testament interpretation. *Neotestamentica* 26, 169-194.

Breytenbach, J C & Lategan, B (reds) 1992. Geloof en opdrag: Perspektiewe op die etiek van die Nuwe Testament. (*Scriptura* S91.)

Combrink, H J B 1983. Die pendulum swaai terug: Enkele opmerkings oor metodes van Skrifinterpretasie. *Skrif en Kerk* 4, 3-15.

— 1986. The changing scene of biblical interpretation, in Hartin & Petzer 1991:9-17.

Combrink, H J B 1988. Readings, readers and authors: An orientation. *Neotestamentica* 22, 189-203.

Deist, F E 1978. Ope vrae aan die diskoersanalise. *NGTT* 19, 260-271.

De Villiers, P G R 1989. Renaissance van die sosiologiese teksanalise. *ThEv* 15, 19-32.

Draper, J A 1991. 'For the kingdom is inside of you and it is outside of you': Contextual exegesis in South Africa, in Hartin & Petzer 1991:235-257.

Du Plessis, J G 1990. Die teoloog as akademiese saboteur: Gedagtes oor die verband tussen Bybelwetenskap en lewensmondering. *SK* 11, 33-47.

Du Toit, A B 1979. Die praktyk van eksegese in die lig van nuwere wetenskaplike ontwikkeling, in Departemente Nuwe Testament (A & B en Grieks), *Die Nuwe Testamentiese Wetenskap vandag*, 119-136. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

— 1981. Strukturale teksanalise en die Suid-Afrikaanse redevoeringsanalise: Enkele opmerkings aan die hand van Van Iersel se analise van die Emmausverhaal. *Skrif en Kerk* 2, 3-14.

— 1993a. Die opkoms en huidige stand van die Nuwe-Testamentiese ondersoek in Suid-Afrika: Deel 1. *HTS* 49, 503-514.

— 1993b. Die opkoms en huidige stand van die Nuwe-Testamentiese ondersoek in Suid-Afrika: Deel 2. *HTS* 49, 786-809.

Erasmus, A S 1986. *Die bediening van Johannes du Plessis (1868-1935) in die Ned Geref Kerk met besondere verwysing na sy teologiese denke: 'n Kerkhistoriese studie*. Ongepubliseerde DTh-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Erasmus, A S & Brown, E 1993. Johannes du Plessis (1868-1935) die apologeet: Sy tyd vooruit of agterna? *NGTT* 34, 49-66.

Gemser, B 1944. Die organiese eenheid van objektiewe Bybelondersoek. *HTS* 2, 49-65.

Groenewald, E P 1938. *Die eksegese van die Nuwe Testament. Rede by die aanvaarding van die professoraat in die Nuwe Testamentiese Wetenskap in die Teologiese Fakulteit, Afdeling B, aan die Universiteit van Pretoria, uitgespreek op 7 September 1938.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

— 1969. Krisis in die interpretasie van die Heilige Skrif. *NGTT* 10, 2-12.

Hartin, P J & Petzer, J H (eds) 1991. *Text and interpretation: New approaches in the criticism of the New Testament*. Leiden: Brill.

Lategan, B C 1984. Current issues in the hermeneutical debate. *Neotestamentica* 18, 1-17.

Le Roux, J H 1986. Johannes du Plessis as Bybelwetenskaplike. *ThEv* 19, 15-35.

Mazamisa, L W 1987. *Beatific comradeship: An exegetical-hermeneutical study on Lk 10:25-37.* Kampen: Kok.

Mosala, I J 1987. Black theology vs the social morality of settler colonialism: Hermeneutical reflections on Luke 1 and 2. *Journal of Black Theology in South Africa* 1, 26-42.

— 1989. *Biblical hermeneutics and black theology in South Africa*. Grand Rapids: Eerdmans.

Roberts, J H, Vorster, W S, Vorster, J N & Van der Watt, J G (reds) 1991. *Teologie in Konteks: Opgedra aan prof A B du Toit*. Pretoria: Orion.

Smit, D J 1988. Responsible hermeneutics: A systematic theologian's response to the readings and readers of Luke 12:35-48. *Neotestamentica* 22, 441-484.

— 1990. The ethics of interpretation and South Africa. *Scriptura* 33, 29-43.

— 1992. Oor 'Nuwe-Testamentiese etiek', die Christelike lewe en Suid-Afrika vandag, in Breytenbach & Lategan 1992:303-325.

Van Zyl, H C 1991. Die Nuwe-Testamentiese wetenskap: 'n Perspektief. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 27, 27-48.

Vorster, W S 1972. A new trend in New Testament scholarship. *Theologia Evangelica* 5, 235-241.

— 1980. Die tekssoort evangelie en verwysing. *Theologia Evangelica* 13, 27-48.

— 1982. 'Formgeschichte' en 'Redaktionsgeschichte', in Klijn, A F J (red), *Inleiding tot de studie van het Nieuwe Testament*, 94-111. Kampen: Kok.

— 1983. The Bible and apartheid, in De Gruchy, J W & Villa-Vicencio, C (eds), *Apartheid is a heresy*, 94-111. Cape Town: David Philip.

— 1984. The use of Scripture and the NG Kerk: A shift of paradigm or of values? in Hofmeyr, J W & Vorster, W S (eds). *New Faces of Africa: Essays in honour of Ben (Barend Jacobus) Marais*, 204-219. Pretoria: Unisa. (Miscellanea 45.)

— 1985. Markus - Sammler, Redaktor, Autor oder Erzähler?, in Hahn, F (Hrsg), *Der Erzähler des Evangeliums*, 11-36. Stuutgart: Katholisches Bibelwerk. (SBS 118/119.) Voorheen gepubliseer in 1980 onder die titel Mark: Collector, redactor, author, narrator? *Journal of Theology for Southern Africa* 31, 46-61.

— 1991. Om te vertel dat Jesus die lydende Seun van God is: Oor Markus en sy teologie, in Roberts, Vorster, Vorster & Van der Watt 1991:32-61. Pretoria.

## BYLAE I

Na aanleiding van die Du Plessisstryd moes alle beroepenes na die Vrystaatse Ned Geref Kerk by aanvaarding van 'n sodanige beroep die volgende verklaring met betrekking tot die Heilige Skrif onderteken:

Ek verklaar en bely opreg en met goeie gewete voor die Here dat

(a) die Bybel die Woord van God is;
(b) die Bybel in al sy dele deur God ingegee en daarom in al sy dele onfeilbaar is;
(c) die wonders van die Bybel nie deur menslike rede verklaar kan word nie maar alleen met kinderlike geloof aanvaar moet word;
(d) dat die verhaal van die skepping en van die sondeval, soos in Genesis vervat onfeilbaar geïnspireerde heilsgeskiedenis is;
(e) die geskiedenis soos die Ou Testament self ons dit voorhou tot ons heil teenoor die ewolusionistiese rekonstruksieteorie van die Hoër Kritiek gehandhaaf moet word;
(f) Jesus Christus tydens sy omwandeling op aarde nie alleen in etiese sin heilig en sonder sonde was nie, maar dat Hy ook intellektueel sonder dwaling, leuen of bedrog was;
(g) die leer van Jesus Christus oor Moses as die skrywer van die Pentateug, oor Jona in die vis, oor Dawid as die skrywer van Psalm 110 asook oor die ganse Heilige Skrif onfeilbaar is;
(h) Jesus Christus altyd die Waarheid is.

Ek verwerp die volgende dwalings as onskriftuurlik en in stryd met die genoemde Formuliere van Enigheid naamlik;

(a) dat die Bybel nie die Woord van God is nie, maar dat die Woord van God in die Bybel is;
(b) dat alleen die religieus-etiese of geloofswaarhede in die Bybel deur God ingegee en daarom onfeilbaar is;
(c) dat die wonders van die Bybel deur die menslike rede verklaar kan word;
(d) dat die verhaal van die skepping en van die sondeval, soos in Genesis vervat, simbolies of allegories opgevat kan word;
(e) dat die kritiese rekonstruksie van Israel se geskiedenis in ewolusionistiese sin aanneemlik is;
(f) dat Jesus Christus met sy leer oor die Ou Testament Hom soms so geakkommodeer of aangepas het by die heersende menings van sy tyd dat Hy selfs dwalings van die volk soos byvoorbeeld dat Jona in die vis was, teen sy beterwete as waarheid verkondig het (Matt 12:40);
(g) dat die leer van Jesus Christus, byvoorbeeld oor Moses as skrywer van die Pentateug, oor Jona in die vis, oor Dawid as skrywer van Psalm 110, nie onfeilbaar is nie.

## BYLAE II

**Buitelandse besoekers tot April 1993**

Om 'n honderd persent noukeurige lys saam te kon stel, was om verskillende redes uiters moeilik. Alhoewel die onderstaande 43 name van Nuwe-Testamentici (dus een meer as gemeld in Du Toit 1993b:78a) met 'n groot aantal Suid-Afrikaanse kollegas gekontroleer is, mag enkele name nogtans ontbreek:

E Bammel, C K Barrett, M Barth, R J Bauckham, H D Betz, M Black, H Boers, U Busse, G B Caird, D R Catchpole, J H Charlesworth, C J den Heyer, D Dormeyer, J H Elliott, J K Elliott, E E Ellis, W R Farmer, R T Fortna, L Hartman, M Hooker, K Kertelge, J D Kingsbury, J Lambrecht, U Luz, E V McKnight, A J Malherbe, B M Metzger, C F D Moule, G W E Nickelsburg, E A Nida, D Patte, N R Petersen, B Reicke, H N Ridderbos, M Silva, G Strecker, P W van der Horst, J J van Bruggen, S van Tilborg, W C van Unnik, J P Versteeg, W Wuellner, W Wink.

## BYLAE III

In die tweede aflewering van hierdie reeks artikels (Du Toit 1993b) is onderneem om 'n oorsigtelike beeld te gee van die *inhoudelike navorsing* wat op die boeke van die Nuwe Testament gedoen is.

Die onderstaande tabel gee in dalende getalle 'n beeld van die aandag wat die onderskeie Bybelboeke of groepe van Bybelboeke in wetenskaplike publikasies van Nuwe-Testamentici geleerdes hier te lande oor die afgelope drie dekades tot op 30 April 1993 ontvang het.

Slegs die name van die wetenskaplikes wat die eerste en die tweede meeste op 'n spesifieke boek of groep boeke gepubliseer het, word genoem. (Uiteraard kan meer as een soms gesamentlik 'n spesifieke plek beklee). Die getalle wat hier vermeld word, is saamgestel uit gegewens wat die betrokke geleerdes self verskaf het. Daar moet egter veral op twee sake gelet word:

* omdat die ondersoek toegespits was op meer gevorderde Nuwe-Testamentici, reflekteer die getalle nie *alle* publikasies op die onderskeie boeke nie; en
* metodologies-teoretiese ondersoeke is slegs ingesluit wanneer dit die *inhoud van spesifieke Bybelboeke* raak.

| *Bybelboeke/ Groepe boeke* | *Outeurs* | *Totale Aantal* |
|---|---|---|
| Corpus Paulinum | Roberts, J H (39), Pelser, G M M (27) | 279 |
| Corpus Johanneum (Openbaring uitgesluit) | Du Rand, J A (62), Van der Watt, J G (18) | 157 |
| Johannesevangelie | Du Rand, J A (31), Van der Watt, J G (15) | 98 |
| Matteus | Combrink, H J B (22), Van Aarde, A G (12) | 77 |
| Lukas | Du Plessis, I J (12), Scheffler, E H (10) | 49 |
| Romeine | Du Toit, A B (8), Pelser, G M M (7) | 42 |
| Galasiërs | Lategan, B C (10), Du Toit, A B (3) | 37 |
| Markus | Vorster, W S (9), Breytenbach, J C (6) | 37 |
| Openbaring | Du Rand, J A (16)* | 32 |
| Handelinge | De Villiers, P G R (4), Dippenaar, M C (3) | 30 |
| Efesiërs | Roberts, J H (8), Wessels, G F (6) | 27 |
| 1 Korintiërs | Malan, F S (8), Lategan, B C (2), Sebothoma, W A (2), Snyman, A H (2) | 25 |
| 1 Johannes | Du Rand, J A (10), Coetzee, J C (4) | 25 |
| Hebreërs | Pretorius, E A C (4), Du Toit, A B (3) | 20 |
| Kolossense | Du Plessis, I J (7), Roberts, J H (5) | 20 |
| 2 Korintiërs | Loubser, J A (4), Joubert, S J (3) | 18 |
| 3 Johannes | Du Rand, J A (11), Coetzee, J C (3), Nortje, S J (3) | 18 |
| Filemon | Roberts, J H (9), Snyman, A H (4) | 15 |
| 2 Johannes | Du Rand, J A (10), Coetzee, J C (3) | 14 |
| 1 Petrus | Janse v Rensburg, J J (4), Du Toit, A B (2) | 10 |
| Jakobus | Hartin, P J (3), Kotze, P P A (2) | 8 |
| Filippense | Pretorius, E A C (4)* | 7 |
| 1 Timoteus | Pelser, G M M (2)* | 7 |
| 1 Tessalonisense | Van Aarde, A G (2)* | 6 |
| Judas | Joubert, S J (2)* | 6 |
| 2 Petrus | Combrink, H J B (2), Lombard, H A (2) | 5 |
| 2 Tessalonisense | Van Aarde, A G (3)* | 3 |
| 2 Timoteus | | 3 |
| Titus | | 3 |

* In hierdie gevalle word die eerste of die tweede plek ingeneem deur persone met minder as 2 publikasies en word persoonsname derhalwe weggelaat.

Benewens bogenoemde publikasies van Nuwe-Testamentici het die sistematikus D J Smit nie minder nie as 70 eksegetiese studies oor Nuwe-Testamentiese tekste in die onderskeie bundels van *Woord teen die lig* gepubliseer. (Kyk Burger, C W, Müller, B A, & Smit D J (reds), 1981-1993. *Woord teen die lig*, Vols I-III. Kaapstad: N G Kerkuitgewers.)